

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 177

(Julie 1983)

Geloof is 'n gawe van God

* * * * *

"... Die Here het haar hart geopen om ag te gee
op wat Paulus gesê het."

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Geloof kom van God

Daar is 'n ware geloof.

En daar is 'n valse geloof.

Die ware geloof is om te glo dat Jesus die Christus is, die Seun van die lewende God. (Mat. 16 : 16.)

En dit is oor die ware geloof waaroor ek met jou wil gesels, gewaardeerde leser.

Jy wil weet waar kom so 'n ware geloof dan vandaan? Met reg kan jy die vraag vra. In groot dankbaarheid kan ons waarlik weet dat die geloof nie uit onself kom nie.

God is nie van my geloof afhanklik nie. Inteendeel - ek is vir my geloof van God afhanklik.

God is nie van my geloof afhanklik nie. Inteendeel — ek is vir my geloof van God afhanklik.

En nou wil jy dadelik weet hoe jy dan tot die ware geloof kan kom. God werk die geloof in jou hart deur die Heilige Gees. Die apostel Paulus noem dit so pragtig en op die man af in sy brief aan die Korinthiërs: . . . "en niemand kan sê dat Jesus die Here is nie, behalwe deur die Heilige Gees." (1 Kor. 12:3.)

En hierin speel my ore onder meer 'n baie groot rol. Paulus sê baie duidelik in Rom. 10:17: "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God." Ons hoor baie dinge in hierdie lewe. Maar dit kan nie in my geloof werk nie. Net wat ek hoor deur die Woord van God, wek die geloof in my.

"Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."

Die Woord van God, die Bybel, werk ook nie die geloof in my hart nie. Die Bybel is slegs die instrument waardeur God die geloof in my hart bewerk.

Nou weet ons dat God deur Sy Heilige Gees en deur die Woord die geloof in my hart bewerk.

Die geloof is dus 'n gawe van God.

'n Geskenk as gawe aan die mens.

Dit werk baie sterk vertrouwe in my geloofslewe. Want sonder dat die Heilige Gees aan my sê dat Jesus, die Here is, sal ek dit nooit uit myself kan sê nie.

Daarom moet jy, soos ek, ook getrou gaan luister na die Woordverkondiging in die Kerk, want so bewerk God deur die Woord wat ek hoor, die geloof in my.

Maar so versterk God ook my geloof deur die Woord. Deur te luister . . . te luister . . . en te doen.

'n Gawe — 'n geskenk — maak ons baie bly.

So moet die gawe van geloof ons ook met baie groot blydschap vervul.

Die boodskap is so magtig dat dit die ewige heerlikheid voor my oopmaak en die ewige verderf vir my toesluit.

Dit wek net vreugde, vreugde en nogmaals vreugde.

Hoe kan God my dan so genadig wees?

Gods genade is vir ons genoeg.

Gods Woord openbaar aan ons die genade van God in Jesus Christus.

Die boodskap is so magtig dat dit die ewige heerlikheid voor my oopmaak en die ewige verderf vir my toesluit

Daarom is dit 'n krag van God tot saligheid vir elkeen wat glo. (Rom. 1:16.)

Is dit nie 'n pragtige gawe nie?

Laat ons dan maar ook die eerste ou woordjies wat ons geleer het, hier gebruik.

Toe jy as 'n ou klein kindjie iets ontvang het, is jy geleer om te sê: Ta.

Later: Dankie.

Hoe sê ons dan aan God dankie?

Deur Gods Naam uit dankbaarheid in gebed aan te roep.

Dankie Here vir die kosbare gawe van die geloof.

Ds. Andries H. Mulder.

Ken en vertrou

Op die weg na saligheid is geloof onmisbaar en noodsaaklik.

- Sonder geloof kan ons God nie behaag nie.
- Sonder geloof kan ons nie in Christus ingelyf wees nie.
- Sonder geloof kan ek nie salig word nie.

En daarom is dit vir enige persoon wat erns maak met sy ewige bestemming, van die uiterste belang om te weet wat die ware geloof is. Waaruit moet my geloof bestaan? Aan watter vereistes moet ek voldoen voordat ek myself as 'n ware gelowige kan beskou? Die opskrif van hierdie artikel noem die twee vereistes vir 'n ware geloof:

*'n Ware geloof het
altyd dié twee
eienskappe -
Kennis en Vertroue*

- ek moet ken
- ek moet vertrou.

Só leer die Bybel: 'n Ware geloof het altyd dié twee eienskappe

- kennis en vertrou.
- 'n gewisse kennis van die Woord van God en van al die beloftes van die Evangelie
- en 'n vaste vertrou dat al daardie beloftes ook op my van toepassing is.

Om waarlik te glo is dan om God te ken met 'n warm en liefdevolle hart.

- En om op Hom te vertrou met 'n volle oorgawe in my gemoed. Geloof is kennis en vertrou:
- Nie net kennis nie, want dan sou dit koud, liefdeloos en hoogmoedig wees.
- Nie net vertrou nie, want dan sou dit oppervlakkig wees, en van verbygaande aard.

Om te glo is om kennis te besit — nie net van die objektiewe feite van die Bybel nie, maar ook van die beloftes en die eise van die Here en die daadwerklike toeëiening en uitvoering daarvan. Om te glo is om 'n vaste vertrou te hê dat ook aan my die vergewing van sondes en die saligheid geskenk is uit louter genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus.

Al kan ek nie alles verklaar en begryp en beredeneer nie, is my geloofskennis tog gebou op die waarheid van God se Woord wat onwankelbaar vas en seker is.

Al is ek swak van moed en klein van krag, en al knaag die twyfel aan my hart, en word ek soms in donker dieptes van ellende gedompel, tog is my geloofsvertroue gevestig op die Here wat geen belofte onvervuld laat nie, en wat alles tot die beswil van sy kinders beskik.

- Só moet ek ken.
- Só moet ek vertrou.
- Só moet ek glo.

En dan lê my geloof beslag op my hele wese:

- Op my hoof en hart en hande:
- Op my verstand en my gevoel en my wil.

*Met my mond getuig
ek van die genade
van God wat ek
ontvang het in Jesus
Christus*

Met my verstand poog ek om insig te verkry in die verborgenhede van God.

Met my hart dra ek myself in 'n vaste vertrouwe op aan die Here en al sy beloftes.

Met my hand is ek werksaam om geloofsdade tot eer van God te verrig.

Met my mond getuig ek van die genade van God wat ek ontvang het in Jesus Christus.

*My lewe is
vasgeanker in die
verdiensie van
my Saligmaker.*

My wil buig ek om, sodat dit in alles onderworpe is aan die goeie wil van God.

My gewete spreek my aan wanneer ek van die regte pad afdwaal. Selfs my gedagtes is daarop ingestel om in alles gehoorsaam te wees aan die opdrag van die Here.

En dan weet ek:

- Ek het deel aan God se verlossende genade!
- My lewe is vasgeanker in die verdiensie van my Saligmaker!
- Niks kan my van Sy liefde skei nie!
- Selfs die Satan kan my nie uit sy almagshande ruk nie!

Deur my geloof is ek aan Hom verbonde — nou, en tot in ewigheid!

Ds. Pieter van der Walt.

Geloof sonder geloofsvrugte is geen ware geloof nie

Geloofsvrugte is noodsaaklik:

'n Vrugteboom wat nie vrugte dra nie, is van geen waarde in 'n mens se tuin nie. Dit is 'n sinlose vermorsing van tyd, krag en geld om so 'n boom jaar na jaar te pamperlang terwyl jy eintlik al vooraf weet dat alles tevergeefs is en dat jy maar net weer teleurgestel gaan word. Wat doen 'n mens met so 'n boom? — Jy kap hom uit en gooi hom in die vuur. Jy raak van hom ontslae.

Só is dit ook met 'n mens se geloof. Die Bybel sê: As jou geloof nie vrugte dra nie, as daar nie dade is wat daarvan getuig dat jy 'n gelowige mens is nie, het jy 'n nuttelose geloof. Jou geloof is dan soos 'n vrugteboom wat jaar na jaar teleurstel. Dit is van geen waarde vir jou nie. Want "wat help dit, my broeders, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?" (Jak. 2:14.) Die antwoord is: Natuurlik nie! Dit is onmoontlik. "'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood." (Jak. 2:26.) En daarom bely ons: Al kan ons goeie werke/geloofsvrugte ons nie red nie, kan ons tog ook nie sonder goeie werke gered word nie. Jou geloof móét vrugte dra.

*Jou geloof móét
vrugte dra.*

Goeie bome dra noodwendig goeie vrugte:

'n Gesonde en goeie vrugteboom kan nie anders as om goeie vrugte te dra nie. So leer die natuur ons. As die boom goed is, is sy vrugte ook goed.

Die teendeel is natuurlik ook waar. As die boom siek of sleg is, is sy vrugte ook sleg. En daarom, as jy gesonder en mooier vrugte wil hê, dokter jy nie die vrugte nie. Nee, jy dokter die boom, want die fout lê by die boom. Dit is die boom wat siek is. Die bemesting was dalk nie voldoende nie of die boom was dalk nie reg gesnoei nie.

*'n Ware gelowige
kan nie anders as
om goeie vrugte te
dra nie.*

Dieselfde geld vir ons geloof. 'n Ware gelowige kan nie anders as om goeie vrugte te dra nie. Die vrugte of goeie werke is die noodwendige gevolg van jou geloof. Dit is die produk van 'n ware geloof, want Jesus Christus en die Heilige Gees kom nie sonder effek in jou lewe in nie.

As jou geloof dus glad nie vrugte voortbring nie of dit bring slegte vrugte voort, is daar iets groots met jou geloof verkeerd. Trouens, die Bybel vergelyk so 'n geloof met die geloof van duiwels. Hulle weet dat daar net een God is. Hulle glo dit. Maar dit beteken vir hulle niks. Hulle sidder van angs. (Jak. 2:19.)

Daarom is dit so belangrik dat ons, onself moet ondersoek.

Hoe?

Ons moet kyk na die geloofsvrugte wat ons dra. Jesus Christus het by geleentheid gesê: "Aan hulle vrugte sal julle hulle (die valse profete) ken.

Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekapt en in die vuur gegooi. So sal julle die valse profete dan aan hulle vrugte ken." (Matt. 7 : 16-20.)

Wat gebeur as 'n mens jou geloofsvrugte of goeie werke aan die eis van die Bybel toets?

Jy kom tot die gevolgtrekking dat dit nie voldoen aan die eis van die Hemelse Landbouer nie. Die vrugte wat jy dra is gebrekkig. Jy is 'n groot sondaar. Maar jy het tog 'n heerlike troos, want sondebeseft, berou en bekering is van die heel belangrikste geloofsvrugte wat 'n mens kan dra.

Dit beteken dat die Heilige Gees in jou hart werk, dat jy tog glo en dat jy die ewige lewe in Christus het.

Ds Casper J. H. Breed.

Tyd- en Wondergeloof

Dit is baie belangrik dat ons tyd- en wondergeloof baie duidelik sal kan onderskei van die ware saligmakende geloof.

Wie waarlik glo hou God se Woord en sy beloftes vir absoluut waar en betroubaar en vertrou dat Christus ook sy Borg en Saligmaker is. Hierdie geloof het dus te doen met ons verstand asook met ons gevoelslewe en met ons wilslewe (vgl. Hos. 4:6; Hebr. 11:1; Filippense 2:13). Die saligmakende geloof raak die hele mens en sou iemand een van hierdie fasette van die mens in die geloofslewe van groter belang ag as die ander, beland hy maklik in die gevaarwater van onder andere die tyd- en wondergeloof.

Die saligmakende geloof raak die hele mens.

Tydgeloof

Die gevoelslewe speel hier in hoofsaak 'n rol. Mense met 'n tydgeloof kan soms maklik tot trane beweeg word as hulle hoor van die liefde van Christus, maar later droog hulle trane gou weer op. Veral in tye van bespotting en vervolging verdwyn hierdie tydgeloof.

Mense met 'n tydgeloof kan soms maklik tot trane beweeg word as hulle hoor van die liefde van Christus.

Christus waarsku ons hierteen in die gelykenis van die saaiër, waar 'n gedeelte van die saad op die rots val. Dit is hulle wat die woord met blydschap ontvang wanneer hulle dit hoor; en hulle het geen wortel nie, aangesien hulle net vir 'n tyd glo, en in die tyd van versoeking val hulle af. (Luk. 8:13.)

Iets van die hemelse kragte word wel gesmaak maar droefheid oor die sonde word nie geken nie. Die hart is slegs uitwendig aangeraak en daarom gaan alles gou weer verby.

Die saligmakende geloof moet hiermee nooit verwar word nie. Die ware gelowige kan nie heeltemal verval en van die Here afval nie, maar wel die skyn- of tydgelowiges. (Vgl. 1 Petr. 1:5.)

Wondergeloof

Die wondergeloof is weer eensydig op die wilslewe gerig. Dit kom ook na vore in 'n tweërlei karakter nl. aktief of passief. Baie mense ken dit net in dae van siekte en moeite. Dan wil hulle graag dat daar deur hulle (aktief), of aan hulle (passief), 'n wonder deur die almag van God sal plaasvind vir uitredding- en straks vergeet hulle weer alles. Die wondergeloof het dus alleen die almag van God en nie die genade van God in Christus, (of dan wel Christus self) tot voorwerp nie.

Die wondergeloof het dus alleen die almag van God en nie die genade van God in Christus, (of dan wel Christus self) tot voorwerp nie.

Die wonder is egter nooit by die saligmakende geloof uitgesluit nie. Hiervan getuig Paulus as hy sê: "Deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is" (Hebr. 11:3). By die wedergeboorte is dit ook duidelik dat dit wat by die mens onmoontlik is, moontlik is by God. Hy wat egter aan die wondergeloof (aktief of passief) vashou kan die saligmakende geloof totaal mis.

Jesus Christus waarsku baie duidelik teen die aktiewe wondergeloof as Hy sê: "Baie sal op daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels

*Slegs aan hierdie
een word gesê: Jou
geloof het jou
gered".*

uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê, gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!" (Matt. 7:22 en 23). Paulus waarsku ook: "En al sou ek al die geloof hê, sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie" (1 Kor. 13:2). Teen die gevaar van die passiewe wondergeloof word ons ook duidelik gewaarsku by die genesing van die tien

melaatses. Al tien smee om Christus se wonderbaarlike genesing. Slegs een het teruggekom na Jesus Christus om Hom te loof en dank. Slegs aan hierdie een word gesê: "Jou geloof het jou gered" (Luk. 17:19). Die ander nege was wondergelowiges. So word ons gewaarsku om ons geloof ten volle op Christus te rig en nie alleen op sy mag om wonders te doen nie.

Ds. Sarel Cilliers.

Geloof en saligheid

Saligheid . . . ewige lewe . . . hemel!

Dis 'n brandend aktuele saak vir enige mens . . .

- om salig te word
- om die ewige lewe te verkry
- om eendag in die hemel te kom.

En nou is die wonderlike juis dit: Dat die Bybel jou saligheid koppel aan jou gelóóf. Kyk maar net na 'n enkele paar tekste:

- Habakuk 2:4— "Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe."
- Of Joh. 3:36 — "Hy wat in die Seun glo, hét die ewige lewe."
- Ook Rom. 1:17 waar Paulus Hab. 2 aanhaal.
- Of Rom. 5:1 — "Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is . . ."

*Maar die
regverdige sal uit
die geloof lewe.*

Kom ons bepaal ons by een teks, naamlik Romeine 1 : 17. Paulus sê: "Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe."

Sien jy? . . . God se geregtigheid word nét deur die geloof geopenbaar en hierdie geloof laat my éwig lewe.

Dit gaan hier in die eerste plek om God — God se geregtigheid. En hierdie term "geregtigheid" word deur Paulus gebruik in juridiese sin — in die betekenis soos in 'n hof. Paulus sien God as Regter — en die aangeklaagdes voor Sy regterstoel: Die ganse mensdom. En die aanklag? Kyk vir 'n oomblik na die aangeklaagde mens onder die vergrootglas van die Bybel:

- jy sien 'n mens in angs en vrees
- een wat ly en stry
- een wat omring is deur die dood
- jy sien 'n mens wat swaar sondig teen die geboorte van God — hy onderhou nie een nie
- jy sien een wat gedurig tot boosheid geneig is
- een wat God en sy naaste haat . . .

Ja, jy sien 'n vreugdelose mens — vol gebrek aan liefde, gevoel en verbeelding. Neuroties, koersagtig en senuweeagtig leef hy in 'n lewe wat sy sin, rus, vrede en intensiteit verloor het.

Die Regter lewer 'n logiese uitspraak: Skuldig!
Dan kom die vonnis: Die dood!

Dit is die geregtigheid van God, dat Hy as Regter die mens skuldig bevind en vonnis tot die dood.

Maar dan? Dan gebeur die wonder. As die Regter die vonnis vel, staan Jesus Christus tussen die mens en God. Jesus Christus . . .

*As die Regter die
vonnis vel, staan
Jesus Christus tussen
die mens en God.*

- Hy die onskuldige, Hy ontvang die vonnis: Die dood. En hierdie doodsvonnis word voltrek aan die kruis op Golgota.

Gló jy dit?

Gló jy in Jesus Christus?

Ja, dan word jou vonnis verander: Onskuldig!! Regverdig!!

Hóé is dit moontlik, kan ons vra? Paulus sê: Dis moontlik deur jou geloof in Jesus Christus.

Alléén deur 'n ware geloof . . . nét geloof . . . gelóóf alleen . . . niks anders as geloof nie.

*Christus sterf . . .
sodat ék kan lewe.*

Dis die heerlike Evangelie van Jesus Christus — die geregtigheid van God setel in die vonnis van Christus sodat ek regverdig is en deur my geloof salig is.

Christus sterf . . . sodat ék kan lewe.

Christus voldoen . . . sodat ek vryspraak ontvang.

Christus is heilig . . . sodat ek saligheid kry.

Christus is onregverdig vermoor . . . sodat ek regverdig kan wees.

En só staan ons voor God: Sondaarmense, maar asof ons nóóit enige sonde gehad of gedoen het nie, asof ons nóóit skuldig was nie.

Genade is al waarop ons pleit om waarlik te glo, want deur die geloof in Christus kom saligheid.

Ds. Nico Ligthelm.